

## 7 Augustus

## 2 Petrus 1:1-15

(Teks: 1:10 (1953 vertaling))

### ***Maak jou verkiesing vas***

Petrus beveel jou hier om iets met jou uitverkiesing te doen.

Jy moet dit vas maak.

Maar is dit dan nie vas nie?

Vorm dit nie juis die vaste grond van jou saligheid nie?

Ja, dit is so. Maar Petrus bedoel nie hier dat jy Gód se werk nog 'n keer moet vas maak of bewys nie.

Jou roeping en verkiesing moet vir jousélf vasstaan.

Jy moet deur jou lewe bewys dat God jou geroep en verkies het (2 Petrus 1:10-1983 vertaling).

Hoe?

Om hierop te antwoord moet jy goed kyk na die verband waarin hierdie teks voorkom.

In verse 5-9 sê Petrus dat as geloof, deugsaamheid, kennis, selfbeheersing, volharding, godsvrug en liefde by jou aanwesig is en toeneem, sal jy met ywer en met vrug Christus beter leer ken.

Daarom dan, maak jou verkiesing vas! (vers 10).

Om jou verkiesing vas te maak beteken dus om alles wat in die geloofswêreld tot jou beskikking is te gebruik om Christus beter te leer ken.

Want hoe beter ek Hom leer ken, hoe meer verstaan en bevestig ek my verkiesing, hoe meer maak ek my verkiesing vas.

En hoe kan ek Christus beter leer ken as in sy Woord - daar waar dit verkondig en geleer word!

Sing Psalm 33:5 en 6

Dr. A.N. Helberg (Dordrecht)